

FRAGMENT

ANDRÉ GERBER

20 / 09 / 2016

KONTAKBESONDERHEDE: ANDREKGERBER@GMAIL.COM

OORSPRONKLIK OPGEVOER DEUR HOËRSKOOL DURBANVILLE

KONTAKBESONDERHEDE vir KOPIEREG: andrekgerber@gmial.com

Geen gedeelte van hierdie teks mag sonder die skriftelike verlot van die skrywer, André Gerber, gereproduseer of opgevoer word nie. Reproduksie sluit in enige vorm weergegee deur enige elektroniese of meganiese middel, hetsy deur fotokopiëring, skyf-, band- of stemopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

FRAGMENT: Oorspronklike Rolverdeling

| | | |
|-------------------------|---------------------|--------------------------------------|
| <u>REGIE</u> | | Jan Burger & Amelia van Wyk |
| <u>CHOREOGRAFIE</u> | | Gabriella Bishop & Regisseurs |
| <u>ROLVERDELING</u> | | |
| <u>DE JAGER-GESIN</u> | Antoinette de Jager | Nienke Geldenhuys |
| | Ryno de Jager | Trompie Booysen |
| | Winand de Jager | Ludick Bezuidenhout |
| <u>VAN VUUREN-GESIN</u> | Susan van Vuuren | Marlenke Scholtz |
| | Daniella van Vuuren | Mieke Verster |
| | Daniël van Vuuren | Stefan Brundyn |
| | Johan van Vuuren | Landolph Schütz |
| <u>DU PREEZ-GESIN</u> | Leanda du Preez | Alexa le Roux |
| | Karla du Preez | Cailin Aylward |
| <u>POOL-GESIN</u> | Khayrah Pool | Izelle Viljoen |
| | Rahim Pool | Andrew de Jager |
| | Aisha Pool | Maja Smith |
| <u>VENTER</u> | René Venter | Mieke Fabel |
| <u>KOOR</u> | | Nell Bezuidenhout |
| | | Deané de Bruln |
| | | Karien de Lange |
| | | Timothy Erasmus |
| | | Nina Fourie |
| | | Victoria Jumeth |
| | | Danae Koen |
| | | Sonja Kruger |
| | | Natalie la Grange |
| | | Megan Myburg |
| | | Ameré Prinsloo |
| | | Michaela Smit |
| | | Carla Steenkamp |
| | | Jané Theron |
| | | Kyla van der Berg |
| | | Larissa van der Westhuizen |
| | | Armand van Niekerk |
| | | Charel Viljoen |
| <u>TEGNIES</u> | | |
| <u>BELIGTING</u> | | Ruan Potgieter |
| <u>KLANK</u> | | Christo Erasmus |
| <u>VERHOOGBESTUUR</u> | | Izelle Viljoen en Nicolene Potgieter |

KARAKTERS

RYNO DE JAGER (40)

Gebore Maart 1976.

Januarie 1998 predikant op die dorp by die AGS-Kerk.

Trou in April 1999 met Antoinette Vermaak - 'n "moes"-troue, want sy was toe reeds 2 weke swanger met Winand. Die gemeenskap glo Winand is 'n wittebrood-baba, 2 weke vroeg gebore. Nie baie gelukkig in sy huwelik nie, maar het 'n baie goeie verhouding met Winand. Terwyl sy vrou, Antoinette en seun Winand in Februarie 2006 op 'n toer na Rusland is, het hy in die geheim 'n buite-egtelike verhouding met Leanda du Preez, 'n jong fotografiese model. Sy raak swanger en hul kind, Karla, word in November 2006 gebore. Deur sy UNISA-studies in filosofie het hy as predikant al ander gelowe begin bestudeer en aanklank gevind by sommige daarvan, wat hom in sy gemeente onder skoot gebring het. Dit, sy verbroke huwelik en buite-egtelike kind het dit vir hom onhoudbaar op die dorp gemaak. In 2012 bedank hy as predikant, skei Antoinette van hom en hy gaan woon in Kaapstad, waar hy sy studies in filosofie voltooi. Hy is tans lektor by die Universiteit van Kaapstad. Hy betaal nie baie getrou sy onderhoud aan Antoinette en Leanda nie. Hy behou steeds telefonies kontak Winand kontak. Hy het nie enige verhouding met Karla nie.

ANTOINETTE DE JAGER (38)

Gebore Mei 1978 as enigste kind van Ferdie en Engela Vermaak, boere in die distrik.

Trou in Januarie 1999 met Ryno de Jager, predikant by die AGS-kerk – 'n "moes"-troue, want sy was toe reeds 2 weke swanger met Winand. Die gemeenskap glo Winand is 'n wittebrood-baba, 2 weke vroeg gebore. Dis nie 'n baie gelukkige huwelik nie. Sy is nie baie intelligent nie, het swak smaak en irriteer vir Ryno. Sy en Winand toer in 2006 o a na Rusland as deel van 'n prys wat sy gewen het.

Gerugte doen in 2006 die rondte dat Ryno die buite-egtelike pa is van Leanda du Preez se kind, Karla. Niks is egter ooit bewys nie. In 2012 skei sy van Ryno en hy gaan woon in Kaapstad. Sy koop Annique-produkte by Leanda du Preez, raak met haar bevriend en vind so uit dat Karla Ryno se kind is. Antoinette het swak smaak en versamel allerlei "kitch". Sy dra pelse en *prints*, en probeer baie hard om mooi te lyk. Nie vreeslik welvarend nie, maar sy doen haar beste vir haar kind. Sy werk halfdag in die AGS-kerk se adminkantoor. Die bietjie ekstra inkomste uit die onderhoudstoelaag van Ryno spandeer sy om haar huis te oorlaai met kitsch.

Sy is baie lief vir Winand, maar hy kan haar nie uitstaan nie. Sy gedrag teenoor haar is soms skokkend. Winand is intellektueel haar meerdere en loop oor haar. Haar rolmodel is Joyce Meyer – die bekende vroulike Amerikaanse pastoor.

WINAND DE JAGER (17)

Gebore September 1999. Seun van Antoinette en Ryno de Jager (snr). Met Antoinette en Ryno se egskeiding in 2012 (hy was toe 13) wou hy met alle mag by sy pa gaan woon. Hulle verstaan mekaar en is intellektueel op dieselfde vlak. Die egskeidingsbevel het hom egter verbied om dit te doen tot hy 18 is. Miskien juis daarom is hy so aggressief teenoor sy ma. Hy vind haar oningelig, kan haar kitsch smaak nie uitstaan nie en toon baie min respek vir haar. Dit grens selfs aan aanstootlik. Winand is 'n totale esteet. Hy is belese, baie kunssinnig, het fyn ontwikkelde smaak. Hy wil kuns gaan studeer in die Kaap. Hy is gay, maar sy ma weet dit nie – dalk wil sy dit net nie weet nie.

LEANDA DU PREEZ (35)

Gebore in Junie 1982. 3de kind van Piet en Ans du Preez, eienaars van die Fordgarage op die dorp. Sy het direk na skool met modelwerk in Johannesburg begin. In 2006 was sy in 'n kortstondige buite-egtelike verhouding met Ryno de Jager, predikant van die AGS-kerk, en het in 2006 geboorte geskenk aan Ryno se dogter, Karla. Dit is egter heeltemal geheim gehou. In 2010 het sy 'n groot deurbraak gemaak en internasionale kontrakte vir modelwerk vir tydskrifte gekry. Toe Ryno

in 2012 in Kaapstad gaan woon het, het hy byna alle kontak met hulle verbreek. Hy betaal baie min onderhoud en bel een maal 'n jaar oor nuwejaar. In 2015, tydens 'n besoek aan Parys vir modelwerk, was sy een van die slagoffers van die 2015 Parys-aanvalle. Sy het 'n lelike brandmerk op haar gesig oorgehou, wat haar loopbaan kortgeknip het. Sy het pragtige bene en hande en doen darem nog modelwerk waar net bene of hande afgeneem word. Sy sukkel finansiële en verkoop ook Annique-skoonheidsprodukte vanuit haar huis om ekstra inkomste te verdien. Sy is soms afhanklik van kospakkies van die kerk en liefdadigheidsorganisasies. Sy het 'n charismatiese, eng geloofsuitkyk, is nie baie intelligent nie en skuil maklik agter haar geloof wanneer sy krisisse nie kan hanteer nie.

KARLA DU PREEZ (10)

Gebore November 2006. Buite-egtelike dogter van Leanda du Preez en Ryno de Jager. Sy ken glad nie vir Ryno nie. Sy is 10 jaar oud en het 'n onskuldig-naiëwe uitkyk op die lewe. Karla bewonder haar ma. Aisha Pool is haar beste maatjie, en sy verstaan nie waarom sy skielik nie meer met haar mag maatjies wees nie.

KHAYRAH POOL (36)

In Maart 1980 in Dubai gebore. Haar naam beteken 'goed.' In Februarie 1998 is sy as 18-jarige meisie getrou met Ibrahim Pool, 'n olie-prospekteerder, wat 12 jaar ouer as sy was. Hulle het mekaar 'n week voor hul huwelik ontmoet aangesien sy 'n georganiseerde bruid was. In 2000 het hulle na Suid-Afrika verhuis toe Ibrahim 'n kontrak gekry het om in die distrik vir olie te prospekter. Khayrah het dit gesien as 'n interessante ervaring, en was heel gemaklik daarmee omdat hulle weer na haar geboorteland sou terugkeer sodra die projek afgehandel is.

Die prospekterdery was 'n mislukking en Ibrahim het nie kans gesien om na sy land terug te keer as "'n mislukking" nie. Hy besluit toe om in Suid-Afrika aan te bly en hulle verwerf in 2004 Suid-Afrikaanse burgerskap. Hulle het twee kinders, Rahim (17) en Aisha (10). Om vir ander werk in aanmerking te kom, was dit belangrik dat Ibrahim by die Westerse leefwyse en kultuur inval, wat vir hom heel aantreklik was, veral die vroue wat soveel vel gewys het. Hy probeer sy mooi vrou, Khayrah, oorreed om die Westerse kultuur se aanvaar en afstand te doen van haar Arabiese tradisies en gewoontes. Vir har was die idee om nie weer na haar geboorteland terug te keer nie, traumaties. Sy het probeer om vir Ibrahim tevrede te stel omdat sy gesien het hy stel belang in ander vroue, maar kon nooit die Westerse kleredrag en gewoontes werklik omarm nie.

Na Aisha se geboorte het Ibrahim hulle verlaat. Khayrah het teruggetrek in haar eie wêreld, met haar geloof en tradisies as enigste anker in 'n vreemde omgewing. Haar selfbeeld en selfvertroue was daarmee heen en sy besef diep binne haar dat sy eintlik 'n verlore stryd voer om haar kinders volgens haar tradisies groot te maak. Soos hulle ouer word, raak sy al meer desperaat.

Sy werk as 'n kassiere by die plaaslike hardewarewinkel. Sy handhaaf 'n lae profiel en probeer haar kinders aanmoedig om dieselfde te doen. Teen die agtergrond van die Parys-bomontploffing en ISIS se betrokkenheid daarby, word hulle as gevolg van hul geloof en kultuur instinktief gekoppel aan die bomontploffing by die begraafplaas, veral toe Rahim direk daarna verdwyn.

RAHIM POOL (17)

Gebore in Julie 1999. Seun van Khayrah. Sy naam beteken 'Sagmoedig', 'Genadig', "Goedhartig". Hy voel vasgevang in die klein dorpie. Hy is baie lief vir sy ma, maar dit frustreer hom dat sy haar tradisies en kultuur so sterk op haar kinders afdwing. Rahim hou van die Westerse manier van dink en doen. Hy speel kranig rekenaarspeletjies saam met Daniël van Vuuren, een van hulle straat se kinders. Rahim is gay. Net sy kêrel, Winand, weet daarvan. Sy ma vermoed dit, maar Rahim sukkel om dit openlik aan haar te vertel – hy kry haar te jammer. Die hele ding bou

oor die jare op in hom. Die feit dat hy direk na die bomontploffing verdwyn, veroorsaak dat hy en sy gesin verdink word daarvan.

**AISHAHORAESHA POOL (10)
(AISHA)**

Gebore Mei 2006. Haar naam beteken 'Lewe', 'Voorspoedig lewe', 'Lewenslustig'. Sy bly maar op die agtergrond by die skool, soos haar ma haar geleer het. Sy dra altyd 'n kopdoek – 'n hijab, ook omdat haar ma haar so geleer het. Haar broer het verdwyn nadat die bom ontplof het, nou word sy by die skool gespot as Aisha Bin Laden. Karla du Preez is haar beste maatjie. Aisha verstaan nog nie alles rondom die wêreld van botsende kulture waar sy besig is om in te beweeg nie.

SUSAN VAN VUUREN (40)

Gebore Januarie 1976. Vierde dogter van Sakkie en Carna Van Zyl, tans bestuurder van die plaaslike koöperasie. Sy het in April 1998 getrou met Johan. Skenk in April 1999 geboorte aan 'n tweeling, Daniël en Daniella. Sy is Antoinette de Jager se buurvrou. Susan is 'n eenvoudige vrou, nie baie aantreklik nie. Sy is meer as 'n jaar gelede met borskanker gediagnoseer en haar borste is verwyder. Sy het nog steeds pyn. Sy het 'n swak selfbeeld en is stil en depressief. Sy twyfel of haar man ooit lief was vir haar, maar klou aan 'n sprankie hoop dat sy dalk verkeerd is. Hul huwelik is eentonig en sonder enige opwinding. Sy is egter intelligent, en maak eintlik maar die kinders groot. Susan is versot op Sepies, veral the Bold and the Beautiful, waarin sy haar persoonlike fantasieë uitleef.

JOHAN VAN VUUREN (41)

Gebore Mei 1975. Beide sy ouers, Danie en Madré van Vuuren, is 10 jaar gelede in 'n motorongeluk oorlede. Hy is 'n selfsugtige, effe bombastiese, egosentriese man, vasgevang in sy onvervulde droom om 'n Springbok rugbyspeler te word. Hy was 'n kranige rugbyspeler op hoërskool, maar 'n ernstige pelvis-besering het hom verdoem tot 'n rugbylose bestaan. Hy het in April 1998 met Susan getrou. Hy het haar waarskynlik nooit regtig liefgehad nie. Sy was egter al een wat hom na sy besering besoek en versorg het, en hy het gedink dat hulle dalk tog gelukkig kan wees. Hy het 'n redelik suksesvolle tuindienste besigheid, met mense wat dit vir hom doen. Hy kan hom dus oorgee om heeldag voor die televisie te lê en rugby kyk. Hy verwaarloos sy verhouding met die res van sy gesin en beheer die televisie.

DANIËL VAN VUUREN (17)

Gebore April 1999, tweelingbroer van Daniella. Hy is 'n "gamer" - speel gereeld rekenaarspeletjies aanlyn. MMORPG-speletjies, spesifiek, en veral saam met Rahim Pool. Dis moontlik 'n manier vir hom om uit die dorp te ontsnap. Het 'n kritiese persoonlikheid, is intelligent en vra konstant vrae. Hy glo in logika bo enigiets anders. Daniël is gefrustreerd met sy pa en huiwer nie om hom aan te vat nie. Hy is die enigste een in die gesin wat dit doen en Johan kan dit nie verdra nie.

DANIELLA VAN VUUREN (17)

Gebore April 1999, tweelingsuster van Daniël. Die teenoorgestelde persoonlikheid van haar broer. Sy is onderhoofmeisie en 'n A-kandidaat op skool. Baie intelligent. Sy het met Jacques uitgegaan voor hy in die bomontploffing dood is. Sy glo in orde en vooruit beplan, en hou nie daarvan dat dinge deurmekaar is of dat sy nie in beheer is nie. Sy hou nie van wat sy sien in haar ouers se mislukte huwelik nie en idealiseer oor haar ideale verhouding en huwelik. Sy het al van graad 8 af vir Jacques geteiken as haar toekomstige man. Sy is daarvoor verantwoordelik dat die "Silver ring thing" – 'n onderneming om jou maagdelikheid te beskerm totdat jy trou – in die skool ingestel is. As deel van haar geaardheid om dinge te wil beheer, het sy Jacques oortuig om ook die "Silver ring thing"-belofte te maak. Die omstandighede waaronder Jacques saam met Frieda, die hoofmeisie, in die bomontploffing dood is, maak dit vir haar baie moeilik om die gemeenskap (en haarself?) in die oë te kyk.

RENÉ VENTER (45)

Gebore Desember 1970. Sy is die dogter van Gawie en Bettie du Toit, wat deesdae op Grootbrak, naby Mosselbaai woon. Haar man, Sakkie, het by Eskom gewerk. Hul seun, Jacques, is in Augustus 1998 gebore. Sakkie is in 2004 in 'n jagongeluk

dood. Sy is tans die orrelis van die NG-kerk en musiekonderwyser by die hoërskool. Jacques se dood is 'n geweldige skok vir haar, en het haar heeltemal verwese gelaat.

JACQUES VENTER (STEM)

Gebore in Augustus 1998. Hy was so bietjie van 'n jock, en 'n baie goeie rugbyspeler. Hy en sy meisie (Daniella) was aanhangers van die "Silver Ring Thing," 'n tipe belofte-ring oor maagdelikheid. 'n Mens weet egter nie of hy dit regtig uit oortuiging gedoen het nie. Hy is saam met Frieda Stander dood in die bomontploffing, agterin sy ma se Caddy.

FRIEDA STANDER (STEM)

Gebore November 1998. Die dogter van Rvette Stander. Super intelligent. Sy is die Hoofmeisie van die Hoërskool. Sy was baie gewild in die skool, maar het ook haar oog op Jacques gehad. Sy "Silver ring thing"-belofte aan Daniella het dinge moeilik gemaak, maar die vermoede bestaan dat hulle tog maar 'n skelm verhouding gehad het. Sy is saam met Jacques Venter dood in die bomontploffing.

Islam / Moslem Woordverklarings

Hijāb: Hoofbedekking wat deur vroue gedra word

Wājib: Voorgeskrewe religieuse pligte wat deur Allah aan Moslems opgelê word

Sājājid: Gebedemat

Salat al-Istikharah: Tipe gebed wanneer jy leiding soek mbt probleme / vraagstukke in jou lewe

Ramadan: Die 9de maand op die Islam-kalender, wanneer Moslems fokus op introspeksie, vas, liefdadigheid en godsdienstige toewyding

Bakarat: Seëninge, "Blessings"

Ramadan Mubarak: Geseënde Ramadan

Allahu Akbar: God is die grootste

Bismillah: In die naam van Allah

Ons bevind ons op die dorp Vryheid, wat 'n paar dekades gelede 'n snelgroeiende en welvarende dorp was as gevolg van 'n sterk landbougemeenskap en sprake van olie-neerslae in die omgewing. Sedert 1994 is dit egter 'n stil dorpie, hoofsaaklik afhanklik van die boerderygemeenskap en toeriste.

Die gebeure speel af tussen 5 en 8 Junie 2016.

Tonele vind parallel met mekaar plaas in terme van tyd en plek.

PROLOOG

Gordyn toe - Akteurs en Chorus almal gereed agter die verhoog. Naggeluide terwyl gordyn oopgaan. Almal fluister tot bom ontplof.

Bom ontplof. Almal doodstil in posisie – kyk onrustig, maar as groep gesinchroniseerd, rond na waar die geluid vandaan gekom het.

Chorus beweeg na stellasië en akteurs na hul stoeltjies.

Sodra kerkklok begin lui, kom almal 100% in posisie en is in die kerk. Op 4de lui . . .

Almal bly staan en begin saam met die orrel Lied 236 sing. Na die lied gaan sit almal.

1. KOOR *O GOD, HOE SALIG OM TE WEET,
AS ONS IN OOTMOED NADER,
U SAL U KINDERS NOOIT VERGEET -
ONS KEN U AS ONS VADER.
ONS BID OM SKULDVERGIFFENIS
DEUR JESUS WAT ONS VOORSPRAAK IS -
ONS KNIEL IN STIL VERTROUE.*
2. DANIELLA *[Vir gehoor.]* Geagte gemeente, Frieda Stander was drie dae gelede nog ons hoofmeisie. Jacques Venter was . . . ons het drie dae gelede nog gepraat van eendag trou. Toe die bom. Nou groet ons hulle . . . vir altyd.
3. KOOR *NOU!
DIE TYD IS NOU OM SAAM TE SPAN.
NOU!
DIE TYD IS NOU. HAAK IN BY JOU BUURMAN*
4. TV-JOERNALIS *Two teenagers have lost their lives in a mysterious explosion in the town Vryheid. Their bodies were found in the remains of a Volkswagen Caddy which was blown up by what seems to be an explosive device. The police are therefore investigating the possibility of this being a terrorist related incident.*
5. KOOR *DIE BOM HET DALK ONS DORP VERSKEUR.
GATE GERUK UIT SEMENT EN TEER,
DIE ASEM UIT ONS BORS GESLAAN,
ONS AAN DIE STROT GEGRYP. MOHAMMEDAAN!*
6. TV-JOERNALIS *Ten tyde van die ontploffing was die Volkswagen Caddy geparkeer by die begraafplaas net buite die dorp - volgens inwoners op naweeksaande 'n gewilde parkeerplek vir jong paartjies. Die liggeme van die twee tieners is uitgekomen as Frieda Stander en Jacques Venter, beide matrikulante aan die plaaslike hoërskool.*
7. KOOR *NOU IS DIE TYD OM TERUG TE SLAAN
NIE TE GAAN LÊ, MAAR OP TE STAAN
IN EENHEID EN SAAMSTAAN LÊ ONS KRAG
OM SAAM TE SORG DAT ONS LAASTE LAG
JA, NOU! JUIS NOU*
8. TV-JOERNALIS *Daar is nog geen leidrade oor wie vir die ontploffing verantwoordelik is nie, en die polisie versoek die publiek om met enige inligting wat hulle in hul ondersoek kan help, na vore te kom. Intussen rou die dorpie oor die dood van twee geliefde tieners.*

9. **RENÉ** Vir dié van u wat my nie ken nie, ek is René Venter, die musiekonderwyseres, julle orrelis. Jacques is my seun . . . was my seun. Namens myself en Frieda se ouers wil ons net dankie sê vir almal in Burgerstraat wat ons so ondersteun het. Uhm. . . die De Jagers, die Van Vuurens, die Du Preez's, die . . .
10. **KOOR** **NOU NOU NOU NOU NOU [DEURGAANS . . .]**
NOU IS DIE TYD, HIER EN NOU
OM SAAM AAN 'N BETER TOEKOMS TE BOU.
SAAM ROU EN TROOS, SAAM GENEES
RAAK ONTSLAE VAN KWAAD EN VREES.
NOU NOU NOU NOU NOU
EENDRAGTIG, KRAGTIG, KONSEKWENT
BOU ONS AAN DIÉ MONUMENT.

Dag 3 - POOL-HUIS. Die televisie aangeskakel.

11. **TV-NUUSLESER** **And in other news: it is the month of June and time for the celebration of Ramadan.**
12. **KHAYRAH** **[Sit die TV af]** Aisha, gaan haal die saĵāĵīd.
13. **AISHA** Hoekom het tannie René ons nie genoem nie? En gaan ons sonder Rahim bid?
14. **KHAYRAH** **[Kyk vir 'n oomblik na haar]** Ken jy nog die Salat al-Istikharah?
15. **AISHA** Ja, Mamma: "O Allah, ek soek U raad deur U kennis en soek U hulp deur U krag..."
16. **KHAYRAH** Mamma se slim kind. Gaan haal die saĵāĵīd.
17. **KOOR** **Aisha Pool.**

DAG EEN

DIE SKOOL

18. **AISHA** **[Vir gehoor]** Ons weet nie waar Rahim heen verdwyn het nie. Ek was bang om skool toe te gaan, maar Mamma het gesê dit gaan dinge net erger maak as ek wegbly. My juffrou was verbaas om my te sien.
19. **KOOR [Onderwyseres]** **Hoekom is jy by die skool, Aisha? Jou broer word dan nog vermis?**
20. **AISHA** **[Vir juffrou]** My ma het gesê ek moet skool toe kom, juffrou.
[Vir gehoor.] Lani Visagie was baie lelik met my. Sy het 'n liedjie geskryf en tweede pouse het almal my gespot:
21. **KOOR** **AISHA, AISHA, JY IS DOM.**
[As Skoolkinders] **JOU BROER IS 'N MOSLEM EN TOE PLANT HY DIE BOM.**
'N TIEK TOK 'N TIEK TOK! BOEM! MAAK DIE DING!
HET DIT ONTPLOF? VRA vir AISHA BIN LADEN!

POOLS

22. **AISHA** **[Vir gehoor]** Ek het toe vir my mamma vertel:
[Aan KHAYRAH.] Mamma, die kinders het vandag 'n lelike liedjie vir my gesing en gesê ek is Aisha Bin Laden.

23. **KHAYRAH** Aisha, wat leer Mamma vir julle? Trek jou hijāb aan, hou jou kop laag en jou mond toe. Dan gaan . . .?
24. **AISHA / KHAYRAH** . . . *niemand sê ek is stout nie.*

DE JAGERS.

25. **KOOR** *Die De Jagers.*
26. **ANTOINETTE** *Mark my words, Winand, hierdie dorp soek al lank hiervoor. Dis wat gebeur as jy toelaat dat ISIS op jou voorstoep kom bly.*
27. **WINAND** *[Sit en lees 'n boek, praat terloops]* Het jy nou vir tannie Khayrah vergelyk met ISIS?
28. **ANTOINETTE** Tannie? Winand, jy is hopeloos te cozy met daai mense. Sy is niks van jou nie; beslis nie jou tannie nie.
29. **WINAND** Wel, iemand moet vir haar opkom.
30. **ANTOINETTE** Winand, hierdie mense is soos bergies. As jy eers een keer aan hulle aandag gee, los hulle jou nooit uit nie. En voor jy jou kom kry, plant iemand 'n bom onder jou neus. *[Deurklokkie lui]* En dis wat gebeur het!

Khayrah en Aisha lui intussen die De Jagers se deurklokkie. Staan met Bakarāt ("Blessings") voor deur.

31. **ANTOINETTE** *[Gaan na deur]* Wie kan dit nou wees? *[Maak deur oop]* Ja?
32. **KHAYRAH** Ramadan Mubarak.
33. **ANTOINETTE** Ekskuus?
34. **KHAYRAH** Geseënde Ramadan. Ons bring vir almal Bakarāt om . . .
35. **ANTOINETTE** Ek is jammer, mevrou, maar *we don't eat Halaal food. No perdevleis. No horse.*
36. **KHAYRAH** Halaal-kos het nie perde . . .
37. **ANTOINETTE** *Yes, thank you. Lekker dag verder. Happy Rummycup! (Deur toe)*
38. **WINAND** Wat de f . . .
39. **ANTOINETTE** Dankie tog hulle's weg.
40. **WINAND** Ek kan nie glo wat jy nou net gedoen het nie!
41. **ANTOINETTE** Winand, jý weet nie wie daardie bom geplant het nie. Ek is nie rassisties nie, ek's net versigtig. Wag, waar's daai foon? Ek gaan nou vir Chubb bel. *[Sy maak 'n klein dagboekie oop en soek 'n telefoonnommer terwyl sy praat.]*
42. **WINAND** Chubb?
43. **ANTOINETTE** Ek voel net nie meer veilig in my eie huis nie. Tussen die 'Slamse en moffies wat net hieronder 'n kroeg oopgemaak het . . . Wat is volgende!?
44. **WINAND** Wat de moer is fout met jou! Vir al wat jy weet is ek en Rahim elke dag in die *gay bar*.

45. **ANTOINETTE** WINAND! Tart my verder, dan gooi ek jou saam met jou pa se donnerse boeke hier uit! Ek is nie jou bleddie vloerlap nie! **[Sy tik die nommer by die foon in.]** Toe!! Loop! Ek moet bel.
46. **WINAND** Doen dit! Dan is ek ten minste permanent uit jou fokken lewe uit!
47. **ANTOINETTE** Ja, grootbek, en wie gee dan vir jou kos en klere en 'n lekker huis om in te bly? Jou wonderlike pa? **[Sy hou die foon teen haar wang.]**
48. **WINAND** Wel, as hy dit gedoen het, sou ons ten minste nie gelyk het asof ons verdrink in ons eie kitsch kak nie.
49. **ANTOINETTE** Man, as jy . . .!! *Hi! Yes, I would like to order security for my home? Mrs de Jager. No, not Miss, Mrs. Yes, I'll hold.* Winand, waarnatoe gaan jy?
50. **WINAND** Ek gaan 'n tattoo van 'n swart mens op my boud kry, dan kan jy dit soen.
51. **ANTOINETTE** Jy kan nie nou buite rondloop nie! Netnou is daar nog *suicide bombers*? Hulle kon hoeka nog nie daai Pool seun . . .
52. **WINAND** Sy naam is Rahim!!!
53. **ANTOINETTE** . . . opspoor nie! *The enemy are still at large!*
54. **WINAND** Jy is letterlik te onnosel om te funksioneer.
55. **ANTOINETTE** Jy sal nie so met my praat nie, Winand! Ek is jou ma! Ek verbied jou om uit . . . Winand, kom terug! Ek gaan jou onterf en dan gaan jy nooit my Tretchikov kry nie!
56. **WINAND** **[Vir gehoor.]** My ma is 'n *embarrassment*.
57. **KOOR** ***Geen smaak, geen styl.***
58. **WINAND** **[Vir gehoor]** Dis g'n wonder my pa het haar gelos vir iemand beter nie.
59. **RYNO** **[Vir gehoor.]** Die *issue* was die Boeddha-beeldjie.
60. **ANTOINETTE** **[Vir gehoor.]** My ex, Ryno, was mos eers 'n dominee by die AGS-kerk. Ek het daar aangesluit want dis 'n moerse *happy* gemeente en ek is mos nie *cool* vir die hele orrel ding nie. En boonop was dié man was so hot, die *holy water* het *evaporate* nog voor hy my kon grootdoop!
61. **RYNO** **[Vir gehoor.]** Ek het van jongs af vir Wynand begin leer van die belangrikste filosowe soos Confucius, De Beauviour, Derrida.
62. **ANTOINETTE** **[Verontwaardig. Vir gehoor.]** Alma! ateïste!
63. **RYNO** **[Vir gehoor.]** En dit was deur my studies van die Mahāyāna literatuur wat ek met die Boeddhistiese denkwysse kennis gemaak het.

Die verlede – DE JAGERS

64. **ANTOINETTE** Ek is jammer, Ryno, maar jy gaan nie my kind se kop met hierdie poef vul nie. Jy maak van hom 'n heiden en wat dan as hy doodgaan? Waar is die Ryno wat met sy kitaar *mashups* van *The Beatles* en die Psalms gedoen het? Wat vir my die *Cheesus* kaastoaster vir Kersfees gekoop het? Nou's jy net vol uitheemse idees en jy vul my kind se kop met . . . *Nietzsché!*? Jy weet ek hou nie van Duits nie! Dis die taal van die Jode en *Mein Kampf*.

65. **RYNO** Jy sal nooit verstaan nie. Liefde laat hom nie inboks deur outydse ideologieë nie.
66. **ANTOINETTE** Sê jy ek is net 'n "outydse ideologie?" Ek hou dan nie eens van die orrel nie!
67. **RYNO** Ja, Netta, en dis waarom ek besluit het om nou my eie pad te stap.
68. **ANTOINETTE** En wat dan van my?
69. **RYNO** Jy was 'n fout.

Die verlede - DE JAGERS

70. **WINAND** Pa . . .
71. **RYNO** Winand, moet nooit dat iemand jou keer om te wees wie jy werklik wil wees nie.
72. **WINAND** OK, so kan ek Liza Minelli . . .
73. **RYNO** Gaan jy my mis?
74. **WINAND** Kan jy en Mamma nie maar nog saam bly nie?
75. **RYNO** Kom nou Winand. Wat sê Murakami? "Ons almal verloor iets . . ."
76. **WINAND** ". . . maar dis wat ons mens maak." Maar kan ek by Pappa kom bly?
77. **RYNO** OK? Sodra jy al hierdie boeke gelees het en vir my kom vertel het.
78. **WINAND** Maar dis soos . . . honderde!
79. **RYNO** Wat sê Confucius?: "Maak nie saak hoe stadig jy gaan nie . . ."
80. **WINAND** ". . . solank jy nie stop nie."
81. **WINAND** **[Vir gehoor.]** My pa het my ma gelos vir 'n model. Ek was 13.
82. **KOOR** ***Voormalige model. Leanda du Preez.***
83. **LEANDA** **[Vir gehoor.]** Ek moes destyds bietjie wegkom van al die modelwerk in Europa en het by my ouers kom vakansie hou. Ryno het in my belang gestel en die een ding het tot die ander gelei. Nege maande later was Karla daar . . . Ryno nie. Hoe moes ek geweet het hy's getroud? En dit was *anyway* voor ek die Here in my hart geneem het.
84. **KARLA** My naam is Karla, en dis my ma, Leanda. My beste maatjie is Aisha. Vandag was baie *boring* by die skool. Mamma het met my gepraat.

DU PREEZ'S

85. **LEANDA** Karla, weet jy hoe lief is mamma vir jou?
86. **KARLA** Baie.
87. **LEANDA** **[Sy wys na die brandwond aan haar gesig.]** En onthou jy hoe mamma hierdie wond opgedoen het?
88. **KARLA** Mamma was laasjaar in Parys en daar was 'n bom.
89. **LEANDA** Dis reg, my kind.

90. **KARLA** Maar mamma is nog steeds vir my baie mooi!
91. **LEANDA** Mamma se hart ja, maar nie meer my gesig nie.
92. **KARLA** Maar Liewe Jesus sê dis al wat belangrik is.
93. **LEANDA** Maar Liewe Jesus wou nooit hê mamma moet so swaarkry omdat sy nie meer 'n model kan wees nie. En Liewe Jesus is kwaad vir die mense wat dit aan mamma gedoen het. Daarom wil Liewe Jesus nie hê dat jy met sulke mense praat nie, want Liewe Jesus is bang hulle maak vir jou ook seer. Verstaan jy?
94. **KARLA** Ek verstaan, Mamma.
95. **LEANDA** Dan moet jy doen soos Liewe Jesus wil hê en nie meer met Aisha praat nie. Reg so?
96. **KARLA** **[Verstaan nie, is verward]** Maar Mamma, Aisha is dan my beste vriendin?!
97. **LEANDA** Dit maak nie vir Liewe Jesus saak nie!
98. **KARLA** Maar Mamma . . .?!
99. **LEANDA** Belowe!
100. **KARLA** **[Knik teensinnig haar kop]**
101. **LEANDA** **[Vir gehoor.]** Karla is die soetste kind. So onskuldig. Met dié bom-ding voel dit skielik asof ek terug in Parys is, jy weet? En dan dink ek aan Karla en . . .
102. **KARLA** **[Vir gehoor.]** My ma sê sy wil ander tannies help om hul “*true beauty*” te vind.

ANTOINETTE EN LEANDA

103. **ANTOINETTE** Ag, Leanda, ek verstaan net nie waar die Winand is wat my *serpies* aangetrek het en vir my Liza Minelli konserte gehou het nie. Deesdae verdwyn hy amper elke dag iewers heen. Ek weet net nie meer wat om te doen nie. En dan kom hy nog op vir daai POOL-mense ook.
104. **LEANDA** Ek het vir Karla ook verbied om met die Pool-kind te praat. So hoe voel ons oor die *Lipo-Sculpt Body Contouring Crème*?
105. **ANTOINETTE** Ja, gee maar. En hy het geen respek vir my nie.
106. **LEANDA** Na alles wat jy vir hom doen? Onthou net, Antoinette: ***You are your own True Beauty***. So dis net dit?
107. **ANTOINETTE** Wat kos die *Moist Silky Bar* en *Wonder Sponge* nou weer? Ek en Winand is albei mal daaroor.
108. **LEANDA** Ek gee jou 20% af. Jy kan later betaal.
109. **ANTOINETTE** OK, dankie. **[Gaan deur toe]**
110. **LEANDA** Het Ryno jou al gebel?
111. **ANTOINETTE** **[Pouse.]** Nee. En vir jou?

DU PREEZ'S

112. LEANDA En Karla . . .
113. KARLA Ja, mamma?
114. LEANDA As jy met Aisha praat . . . As ek moet uitvind jy het jou belofte aan Liewe Jesus gebreek . . .

VAN VUURENS - *Johan op bank voor TV. Daniël in sy kamer besig met rekenaarspeletjies. Daniëlla eenkant besig op haar selfoon.*

115. KOOR ***Die Van Vuurens: Pa-Johan***
116. JOHAN ***[Vir gehoor.]*** My dogter is verslaaf aan haar foon en ***[geleidelik van gehoor na Daniël]*** my seun sit dag in en dag uit agter die verdomde rekenaar en eet ons *cap* op met sy alewige speletjies.
117. DANIEL: ***[Vir gehoor]*** Mens noem dit *World of Warcraft!*
[Vir Pa] Ek moet speel voor hulle die *servers* afneem, Pa!
118. JOHAN ***[Vir Daniël]*** Dis 'n obsessie, Daniël!
119. DANIEL ***[Vir Pa]*** Dis my enigste kontak met normale mense, Pa. En Pa lê ook maar heeldag voor die TV!
120. JOHAN ***[Vir gehoor.]*** My enigste Gizmo. My LG 50 duim *HD*, met surround sound. Dit, en die oorspronklike uitsending van die 1995 Rugby Wêreldbeker - op Blu-Ray.
121. DANIEL ***[Vir gehoor]*** En dis al wat ons dag en nag in hierdie huis hoor en sien: die bokke wen die eindstryd van 1995, MET surround sound!
122. JOHAN ***[Vir Daniël]*** Niks keer jou om saam met my rugby te kyk nie - dalk leer jy dan iets!
123. DANIEL ***[Vir Pa]*** Wat leer, Pa? Hoe om 'n rusbank vodde te lê?
124. JOHAN ***[Vir Daniël]*** Jy weet goed dis as gevolg van my heupbesering.
125. DANIEL ***[Vir Pa]*** . . . van 1993, Pa!
[Vir gehoor] Hy's bitter oor hy kwansuis nooit 'n Springbok kon wees nie.
126. JOHAN ***[Vir Daniël]*** Jy hou jouself lekker astant, nè!
127. KOOR ***Susan van Vuuren***
128. SUSAN ***[Vir gehoor.]*** Ek kyk maar net my stories. Daniel het vir my die hele 1990-seisoen van *The Bold and the Beautiful* op DVD gesit. Ek wag maar tot Johan gaan slaap, dan kyk ek. Partykeer gaan slaap ek glad nie en kyk net die hele nag my storie. My gunsteling karakter is Brooke Logan.
129. DANIEL ***[Vir gehoor]*** En so probeer ons almal maar *escape*. Ek is eintlik jaloers dat Rahim voor my uit hierdie simpel dorp kon kom.
[Vir Susan] En wat is dit met Ma en Brook Logan?
130. SUSAN ***[Aan Daniël]*** Jinne, my kind, sy's die mooiste vrou met die pragtigste blonde hare. Sy's so begeerlik. Sy't op die oomblik in die geheim 'n *affair* met haar ginekoloog, wat ook haar . . .
131. DANIELLA ***[Val haar in die rede]*** Ok, besef julle waarmee julle besig is?

132. **SUSAN** O, jammer, liefie. Dog jy's besig op jou foon. Wou jy iets sê?
133. **DANIELLA** Uhm . . . wel, niemand praat oor die regte *issue* nie? Jacques, die man met wie ek eendag sou trou, is in 'n bomontploffing dood en dit voel asof ek die enigste een is wat respek het daarvoor?
134. **DANIEL** Frieda is ook dood, Daniella. Of het jy van haar vergeet omdat sy saam jou *boyfriend* was?
135. **RES VAN GESIN** Daniel!

DE JAGERS

136. **ANTOINETTE** **[Vir gehoor]** En dis my egte Jakkalsvel stola - by Ouma Griet geërf. Ek het ook 'n groot Madiba pop wat in 2014 op *special* was. Ek is glad nie materialisties nie, maar dit gaan eendag super *valuable* wees, *mark my words*.
137. **WINAND** **[Kom in]** Waar's al my boeke?
138. **ANTOINETTE** Wel, ek is bly jy's darem veilig terug. Is daai Slamse vriend van jou nog weg?
139. **WINAND** **[Onderdrukte woede.]** Wat het jy met my boeke gedoen?
140. **ANTOINETTE** Boeke! Boeke! Wat van ons twee ontspan vanaand saam voor die TV, kyk 'n lekker fliëk.
141. **WINAND** Dit was my pa s'n!
142. **ANTOINETTE** Ek maak vir ons lekker *Milo* . . .
143. **WINAND** Wat het jy daarmee gemaak?
144. **ANTOINETTE** Winand, daai boeke laat jou vreemde goed doen.

WINAND

ANTOINETTE

145. **WINAND en ANTOINETTE praat gelyktydig. KOOR voer gechoreografeerde bewegings uit.** **[Hy begin stadiger as ANTOINETTE, maar bou in intensiteit.]** Ek wil weet wat jy met my boeke gemaak het? Waar is my boeke? Het jou kop nou heeltemal uitgehaak? Dit was my en my pa se boeke!
- Wat nie reg is nie, is jou kop! Hier (tik met sy vinger teen sy kop)
- Hy het die boeke vir my gelos – dis my boeke!
Hoe sal jy voel as ek . . .
. . . as ek daai common Tretchikoff print van jou weggee, hu ma?!
Of is dit OK as ek jou fokken Madiba pop verbrand!
Ek is gatvol van elke dag in jou kitch kak vaskyk!
- Jy het daai boeke al 'n honderd keer gelees. Ek's verbaas jy ken dit nie uit jou kop nie!
- Dis BOEKE, Winand, dis nie jou Pa nie! Dis net nie reg . . .
- Ek is nog hier, Winand. Jou pa het jou gelos!
- Boeke waarmee hy sy gewete troos!
Pleks dat hy na daai bom . . .
. . . Daai bom-ding hoor of ons OK is!
Jy los my goed uit! Jou pa vee sy agterent aan ons af!
Man, jy kyk in jou oogvelle vas – maak oop jou oë!
Die Vader alleen weet wat jy in hom sien – hy's useless!

Daai boeke is al wat nog iets vir my beteken!
So ek vra weer: Waar de fok is my boeke, Ma?!

'n Koorlid bring onopsigtelik die Tretchikoff "print" tevoorskyn, asof dit teen 'n muur hang.

146. **ANTOINETTE** WINAND!! **[WINAND hou op gooi.]** Maak oop jou oë! Jou pa is 'n papperd wat nie eens moeite om te bel om te hoor of ons cope nie. En ek is vir hierdie spul boeke net so moeg as wat ek vir hom is en dis hier waar ek die streep trek. Ek het die goed Bredasdorp toe gepos na 'n biblioteek wat dit in elk geval meer nodig het as . . .
147. **WINAND** **[Val in by "biblioteek"]** Wat maak dit in Bredasdorp!? Jy het geen reg gehad om dit te doen nie. Bel hulle en bring dit terug! **[Hy begin haar met sy selfoon nader, maar sy retireer.]** Vat die foon en bel! Toe bel! Ek wil my boeke terug hê! Ek soek dit terug!
148. **ANTOINETTE** **[Val in by "Ek wil my boeke terug hê."]** Winand! Los my! Los my! As ek so 'n aaklige ma is, loop dan! Ek wil in elk geval nie jou *negative energy* in my huis hê nie!
149. **WINAND** **[Terwyl hy uitgaan]** Ek wens jy't eerder 'n aborsie gekry.
150. **ANTOINETTE** Winand? **[Sy haal diep asem, kyk hoe hy uitgaan.]**
[Vir gehoor, wys na plek in koor waar die prent "hang"] In elk geval, hierdie is my *original* Tretchikoff print van *The Green Lady*. Al die pad van Rusland. **[Asem.]** By 'n markie gekoop toe ek en Winand daar was in 2006. Hulle sê dit gee jou *good luck*.

[Soos Daniël praat, sit koorlid Tretchikoff-"print" weer weg.]

151. **DANIEL** **[Vir gehoor]** Ons almal het maar ons dinge waaraan ons waarde heg. TV's, computers, ideologie, boeke, vrese, drome . . . *Doesn't matter.*
152. **KOOR** **Ons almal. Nog 'n dag. Nog 'n ding.**

DAG TWEE

153. **KOOR** **Karla du Preez.**
154. **KARLA** Dit was vandag niks lekker by die skool nie omdat mamma gesê het dat ek nie meer met Aisha mag praat nie. Ek het probeer, maar sy het die heelyd aan my hare getrek. In Engels, toe skryf sy vir my 'n briefie.

IN KLASKAMER

155. **AISHA** Liewe Karla. Wat is die antwoord vir Vraag 6?
156. **KARLA** Liewe Aisha. Ek mag nie meer met jou praat nie want anders gaan ek pak kry.
157. **AISHA** Ja, maar as jy vir my die antwoord skryf, dan praat ons mos nie?
158. **KARLA** Dis *past tense*.
159. **AISHA** Wat beteken dit?
160. **KARLA** Dit is ietsie wat verby is.
161. **AISHA** Is ons vriendskap ook *past tense*?

162. **KARLA** *[Vir gehoor.]* Ek het na haar gekyk en begin dink: Liewe Jesus wil hê dat ek 'n mooi hartjie moet hê. My mamma hét 'n mooi hartjie, maar sy voel sleg oor haar gesig en ek dink dit maak haar hartjie seer. En toe weet ek wat die oplossing is! “Het jy nog so 'n kop-serpie?”

Die verlede - Daniël en Rahim elk in hul eie huise, beide met oorfone voor hul rekenaars.

163. **KOOR** *Daniel van Vuuren; Rahim Pool: Enter the realm of Warcraft.*
164. **DANIEL** *[Vir gehoor.]* Rahim het nie eintlik vriende gehad *in real life* nie, maar in *Warcraft* het jy *alliances* wat baie lank kan hou, soos die Brümdigãn *alliance* van Potch, wat al vir jare vriende is.
165. **RAHIM** OK, jy moet links gaan – links!
166. **DANIEL** Ek kan nie! As jy net agter jou kyk . . . Night Elf! Daar's 'n Night Elf!
167. **RAHIM** Vinniger! Ok, ek *cover* jou dan gaan ons om die hek . . .
168. **DANIEL** Het jy die *dagger*?
169. **RAHIM** Ek het die *heartstone*!
170. **DANIEL** Dis nie in my *inventory* nie! Jy't die *deal* gemaak met die Elf!
171. **RAHIM** O flip! Ok, ek sal teruggaan en . . . Wat? Iets *attack* my! Waar is jy?!
172. **DANIEL** Ek is in die *cave*! Ek het die *dagger* daar vergeet.
173. **RAHIM** Kom uit, ek is besig om . . . Flip! Ok, ek's uit.
174. **DANIEL** Wag, waar's jy?
175. **RAHIM** Pas op, daar's 'n *Ogre*!
176. **DANIEL** Waar? Watter *level* is die ou? Wat? Shit! Daar's ek ook dood.
177. **RAHIM** Kon jy darem die *dagger* vind?
178. **DANIEL** Ja, ek het.
179. **RAHIM** Maar het jy *gesave*?
180. **DANIEL** Fok.
181. **DANIEL** *[Vir gehoor.]* Noudat Rahim weg is voel dit *weird* om in te *log*, want dit voel bietjie asof ek hom verraai as ek die *campaign* verder doen.

Die verlede – met OORFONE

182. **RAHIM** Daniel . . .
183. **DANIEL** Ja?
184. **RAHIM** Sê nou maar jy was 'n Orc en jy moet van 'n ander Orc hou, maar jy doen nie . . . En dan . . .
185. **DANIEL** Wil jou ma nog steeds hê jy moet met daai meisie trou?

186. **RAHIM** Ja. Dis tradisie. Dis net . . . ek's anders.
187. **DANIEL** Jy wil 'n ander Orc hê.
188. **RAHIM** lets soos dit.
189. **DANIEL** *[Vir gehoor.]* Rahim was 'n *awesome* Orc en ek dink Azaroth was die een plek waar hy homself kon wees.
190. **DANIËL / KOOR** *No judgement.*
191. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* Ek en Jacques was op 'n uitstappie na die Fossiel-museum. Ons was in Graad 8. Hy het op die bus langs my gesit en hy het geweet dat ek van hom hou want Lisa Joubert het 'per ongeluk' my briefie vir hom gegee in die Afrikaanse klas. Ewe skielik, toe praat hy met my.
192. **KOOR ('n Seun)** *Ek het jou brief gelees.*
193. **DANIELLA** Ek dink nie regtig jou kop lyk soos 'n pomelo nie.
194. **KOOR ('n Seun)** *Ek dink nogal so.*
195. **DANIELLA** OK, ek ook.
[Vir gehoor] Sy vingers het oor die fake leersitplekke geloop en saggies om myne gevou. Dit was die eerste keer wat 'n outjie op daai manier aan my geraak het. Daai manier wat jou maag wil laat kramp, so lekker kry jy?
196. **KOOR ('n Seun)** *Kan ek jou soen?*
197. **DANIELLA** Voor almal?
198. **KOOR ('n Seun)** *As ons soen, is dit official.*
199. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* En toe soen hy my. Dit was vinnig, maar net daar het ek besluit dis my trouman. Ons gaan net moet oefen om beter te soen.

VAN VUURENS

200. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Die bom-ding laat mens se kop draai. Gisteraand kyk ek my stories. *Bold.* Brooke Logan is nou vasgevang deur haar jaloerse man. Hy wil haar nie laat gaan nie. Hy het mal geraak van begeerte.
201. **SUSAN** Johan?
202. **JOHAN** *[Deur die slaap]* Hmm?
203. **SUSAN** Wat sal jy doen as iemand anders vir my lief was?
204. **JOHAN** *[Gaap]* Moenie nonsens praat nie. Slaap verder.
205. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Brooke het nog nooit so verskeurd gevoel nie. Moet sy bly by haar man, of moet sy ontsnap na die arms van haar blinde ginekoloog wat . . .
206. **JOHAN** Susan! Is die kos al klaar?
207. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Jammer. Ek praat nou weer nonsens.

208. **AISHA** *[Vir gehoor]* Daar is 'n klomp sulke ou foto's in ons huis van Mamma met so 'n blou rok met goue steentjies. Dit wys hoeveel sy werd is want pappa moes vir die goue steentjies betaal.

Die verlede - POOLS

209. **KHAYRAH** Dis net hoe dinge is, Rahim.
210. **RAHIM** Maar ek het nie 'n idee wie sy is nie!
211. **KHAYRAH** Rahim, ek weet mos watter meisie goed sal wees vir jou.
212. **RAHIM** Ma het nie 'n idee van wie ek hou nie!
213. **KHAYRAH** Donker hare, donker vel en donker oë. Wat meer wil jy hê?
214. **RAHIM** Ma verstaan nie. Ek wil nie 'n Orc hê nie.
215. **KHAYRAH** Rahim, dis hoe ons dit doen – dis ons tradisie, Allah is my getuie.
216. **AISHA** *[Vir gehoor]* Tenasji was 'n baie mooi meisie, het ek gedink.
217. **RAHIM** Ek wil nie met haar trou nie . . . Ek is lief vir iemand anders.
218. **KHAYRAH** Dan léér jy om vir haar lief te wees – dis hoe dit werk, Rahim.
219. **AISHA** *[Vir gehoor]* Mamma het geblink van al die steentjies.
220. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* Na my ma vir borskanker behandel is, het sy gereël dat ons familie op vakansie gaan. Dit was glo hulle tweede *honeymoon*.

Die verlede - VAN VUURENS

221. **SUSAN** Jy sal sien. Dit gaan goed wees vir ons, Johan. Asseblief, moenie dit afskiet nie.
222. **JOHAN** Wel, jy't nou klaar al daai geld uitgegee. Asof die chemo nie duur genoeg was nie.
223. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* Daniël was op 'n skaakkamp, toe sê my ma Jacques kan saamkom. Ons het na die mees *romantic* plek in die wêreld gegaan: Sun City . . .
224. **DANIELLA/KOOR** *Valley of the Waves.*
225. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* Waar ek en Jacques sou leer om beter te soen.

Die verlede - SUN CITY

226. **SUSAN** Miskien as jy my stywer vasdruk, Johan? Soos wat jy my daai eerste aand vasgehou het?
227. **JOHAN** Ek probeer . . .
228. **DANIELLA** *[Vir gehoor.]* By die *Valley of the Waves*, in die branders, het Jacques my styf vasgedruk. Ek het my mond vir hom gehou.
229. **SUSAN** Hoekom trek jy dan weg as ek aan jou raak, Johan?
230. **DANIELLA** *[Vir gehoor.]* Toe soen hy my. Ek het my oë toegemaak, slap geword in sy arms . . . toe 'n brander my in die gesig slaan en ek binne-in sy mond aan die hoes raak.

231. **DANIELLA / (SUSAN)** . . . soen my weer.
(Soen my)
232. **JOHAN** Kom ons probeer weer . . .
233. **DANIELLA / (SUSAN)** Sal dit help . . .
(Sal dit help as ek . . .)
234. **JOHAN** Wag, miskien moet jy . . .
235. **DANIELLA / (SUSAN)** Anders kan . . .
(Anders kan ek . . .)
236. **JOHAN** Kyk of jy . . .
237. **DANIELLA** Jacques, die mense kyk vir ons . . .
238. **SUSAN** Moet ek die lig afsit?
239. **JOHAN** Nee.
240. **SUSAN** Johan, ek probeer my bes. Hoekom kyk jy nie na my nie?
241. **JOHAN** *[Vir Susan]* Ek . . . as ek na jou kyk en ek sien wat die kanker aan jou doen . . . hoe jy sukkel om op te staan, hoe jy in die aande kots, hoe moeg jy is . . . dan kry ek jou jammer.
[Vir gehoor] En ek weet nie hoekom nie, maar dan dink ek: ek kon rugby gespeel het. Ek kon beroemd gewees het.
[Vir Susan] Maar na my besering het jy my versorg toe Linda Frederiks my gelos het.
[Vir gehoor] Linda was blond, passievol, lewenslustig. En ons was verlief op mekaar soos twee tieners. Ek mis dit.
[Vir Susan] So nou skuld ek jou.
[Vir gehoor] En dan voel ek nie meer jammer nie . . . maar spyt.
242. **SUSAN** Was jy ooit regtig lief vir my, Johan?
243. **JOHAN** Ek was lief vir jou.
244. **DANIELLA** Dink jy my ouers gaan skei, Jacques?
245. **KOOR ('n Seun)** *Ek weet nie.*
246. **DANIELLA** Belowe my dat ons nooit sal opbreek nie. Maak nie saak wat nie.
247. **KOOR ('n Seun)** *Belowe.*
248. **SUSAN** Sal jy ooit wéér vir my kan lief wees, Johan? *[Stilte]*
249. **DANIELLA** *[Vir gehoor]* Terug by die huis het my ma weer begin sepies kyk en my Pa het sy “re-runs” gekyk. En daar is hierdie wasigheid in albei se oë. *[Hou ringvinger omhoog om silwer ring te wys]* Toe hoor ek van *The Silver Ring Thing*: die belofte dat jy geen seks sal hê voordat jy trou nie, met hierdie ring as teken van jou belofte. Ek het die skoolhoof oortuig dat dit by die skool toegelaat word. Ek het geweet dit is hoe ek my en Jacques se geluk kan verseker en ons het albei die belofte gemaak. Ons sou nie word soos my ma en pa nie.

POOLS

250. **KHAYRAH** *[Vir gehoor]* Ek het niks besit nie.
251. **KOOR** *Khayrah Pool.*
252. **KHAYRAH** *[Vir gehoor]* Mooi huis. Mooi kar. Mooi dinge. Dis mos dinge wat jy besit. Wat joune is. Maar nie in Dubai nie. Daar het 'n vrou haar *wajib*, haar plig: dís haar eiendom. Ibrahim het 'n kontrak gekry om hier vir olie te kom prospektee, en toe besluit om hier te bly. Hy het vir my gesê dat ek nie meer 'n *hijab* hoef te dra nie, dat ons nou vry is van die ou gewoontes. Hier in Suid-Afrika is die mense . . . Hulle weet beter. Dit is jou reg, het hy gesê. Hy wou hê ek moes soos die ander vrouens aantrek, my ontbloot, maar ek kon nie – ek het kaal gevoel. En toe swig Ibrahim voor ander se skoonheid. Ek het skuldig gevoel en hom vergewe. In die naam van Allah.
253. **KOOR** *Bismillah.*
254. **KHAYRAH** En weer. En weer.
255. **KHAYRAH** Die listige slang het Ibrahim van ons weggeneem. Eendag was hy net weg. Elke dag as ek my *hijab* aantrek dan dink ek aan hom, wonder of hy aan sy kinders dink, of hy gelukkig is. Want dit is my *wajib*. My plig. God is die grootste.
256. **KOOR** *Allahu Akbar*

RYNO NEUTRAAL, LEANDA en ANTOINETTE IN HUL HUISE.

Ryno skakel op selfoon. Leanda en Antoinette antwoord gelyktydig hul fone – verbaas om te hoor dis hy.

257. **LEANDA/ANTOINETTE** Hallo?
258. **RYNO** Hi.
259. **LEANDA/ANTOINETTE** Ryno?
260. **RYNO** Jy klink verbaas om my stem te hoor?
261. **LEANDA** Ek het amper jou naam van my foon *delete*. Hoe lank is dit nou al?
262. **RYNO** Ek weet nie . . .
263. **LEANDA** 'n Jaar. Dis 'n jaar, Ryno.
264. **RYNO** Hoe lyk die verkope?
265. **LEANDA** Op en af, asof jy nou regtig omgee.
266. **RYNO** Ek's bly jy't iets gevind.
267. **LEANDA/ANTOINETTE** Hoekom het jy gebel?
268. **RYNO** Ek wil hoor of julle ok is?
269. **LEANDA/ANTOINETTE** Ons is OK.
270. **RYNO** Karla?
271. **LEANDA** Sy's vriende met die Pool-kind. Die Moslem.
272. **RYNO** En?
273. **LEANDA/ANTOINETTE** Daar's gerugte wat rondloop, Ryno.

274. **LEANDA** Ek wil nie hê my kind moet met sulke mense . . .
275. **RYNO** Jy't ook nie verander nie.
276. **LEANDA/ANTOINETTE** En wat is dit veronderstel om te beteken?
277. **RYNO** Nog net so vasgevang in jou ou ideologieë soos altyd.
278. **ANTOINETTE** Alweer Ryno wat *enlightened* is, Ryno wat verhewe is bo ons almal.
279. **RYNO** Hoekom wil Winand dan by my kom intrek?
280. **ANTOINETTE** Waar kom jy daaraan? Hy bly by my! Iemand moet hom dissipliner . . .
281. **LEANDA** Ek kan dit nie meer alleen doen nie, Ryno. Ek's bang. Sy . . . sy't iemand nodig wat haar sal beskerm . . .
282. **ANTOINETTE** . . . lief hê. **[Pouse]**
283. **LEANDA** Ek is alleen.
284. **RYNO** Winand het my gebel. Hulle neem more die *InterCape*.
285. **ANTOINETTE** Die *InterCape*? Wie's 'hulle'?
286. **RYNO** Winand en sy kêrel. **[Kort stilte]**
287. **RENÉ** **[Vir gehoor]** Jacques was my enigste kind. Net ek en Daniella het geweet hy kon orrel speel. Toe hy klein was, het hy altyd met sulke groot oë kom sit en luister as ek oefen vir kerk. Die orrel het hom absoluut gefassineer. Later het ek hom geleer om die pedale met sy klein handjies te speel. Hy het een keer vir my gevra: "Is dit hoe Liewe Jesus klink as hy sing, Mamma?" En so het ons albei gepraat van 'sing' as ons speel. Hy was altyd 'n baie woelige seuntjie. Wou altyd mense om hom gehad het. Toe begin hy rugby speel. Hy was goed. Hy het later nie meer orrel gespeel nie.

DU PREEZ'S

288. **KARLA** **[Vir gehoor.]** Ek gaan toe na my ma met ons nuwe kopserpies.
[Vir haar ma] Kyk, mamma, Aisha het vir ons twee gegee en nou kan ons Mamma se seerplek ook toemaak.
289. **LEANDA** **[Dreigend]** Wat is dit?
290. **KARLA** **[Entoesiasies]** Aisha noem dit 'n hi . . . hij . . . hijab? Maar ek noem dit somer 'n kopserpie want . . .
291. **LEANDA** En wat van jou belofte aan Liewe Jesus?
292. **KARLA** Maar mamma . . . ?
293. **LEANDA** Wat het ek vir jou gesê gaan gebeur as jy jou belofte aan Liewe Jesus breek?
294. **RENÉ** **[Vir gehoor]** Daardie noodlottige aand het die eienaardigste ding gebeur. Jacques het weer orrel gespeel. Die Liedboek het oopgelê by lied 236, asof hy vir my 'n leidraad wou los . . .
295. **KARLA** **[Soos sy hijab aantrek om te illustreer.]** As mamma ook 'n kopserpie dra, kan die mense nie mamma se seerplek sien nie.

296. LEANDA *[Dreigend]* Trek daardie ding uit!
297. RENÉ Laat daardie aand is Jacques by die huis weg met my Caddy. Ek weet nie waarheen hy is nie . . . mens weet nie altyd alles nie. Wel . . . ek dink God werk op Sy eie manier.
298. LEANDA Ek sê trek dit uit!
299. KARLA Maar Mamma . . . !
300. LEANDA Kom, op jou knieë en bid: “Liewe Jesus, Karla is nie lief vir hierdie mense nie.”
301. KARLA Watter mense Mamma?!
302. LEANDA (KARLA) Bid, Karla! “Liewe Jesus . . .” Bid! (*Liewe Jesus!*) Karla is nie . . . bid! (*Karla is nie*) lief vir (*lief vir*) hierdie mense nie! (*hierdie mense nie!*)
303. KARLA Hoekom is Mamma so kwaad?! Ek verstaan nie!
304. LEANDA *[Begin haar selfbeheersing in haar histerie verloor, besef nie dat sy Karla die teiken van haar opgekropte woede maak nie.]* Omdat jou pa ons gelos het! Omdat ek nie meer mooi goed kan koop nie! Omdat ek nie meer my werk kan doen nie! Omdat my gesig so lyk!!
305. KARLA Mamma! Mamma maak my bang!
306. LEANDA En nou kom jy met hierdie stuk lap hier aan! Gee die ding hier!
307. KARLA (*Histeries van vrees, klou die hijab krampagtig vas.*) Mamma verstaan nie! Aisha sê dit gaan Mamma weer mooi . . .
308. LEANDA Dis hulle soort wat my gesig so lelik gemaak het, Karla!
309. KARLA Is nie, Mamma!
310. LEANDA Gee daai stuk lap hier!

Leanda gryp na die lap, verloor haar balans. Karla val en Leanda gaan oor in totale histerie, begin hou slaan – vinnig, roekeloos, buite beheer. Karla wriemel gillend op die grond rond om onder haar uit te kom. Koor slaan ritmies, vinnig en met ‘n “grunt” geluid elke hou saam met haar.

311. LEANDA Hierdie . . . ! (HOU 1) mense . . . ! (HOU 2) plant . . . ! (HOU 3) bomme . . . ! (HOU 4) en jy . . . ! (HOU 5) bly weg . . . ! (HOU 6) van hulle . . . ! (HOU 7) Ek haat hulle!!! (HOU 8) Ek ha-a-a-a-t h-u-l-l-e-e-e-e-!!!

Leanda kom verdwaas orent, verstard, asof sy nie weet waar sy is of wat sy gedoen het nie. Sy sien vir Karla – wonder wat sy op die vloer doen – kyk verdwaas na haar hand en besef dan wat gebeur het.

312. LEANDA (*Pateties, smekend*) Karla-Karla-Karla my kind wat het mamma gedoen mamma weet nie wat nou gebeur het nie en ek is so jammer ek is so bitter jammer moenie vir my kwaad wees nie mamma het jou lief mamma het jou lief mamma het jou so lief mamma weet nie wat nou gebeur het nie . . . kom na mamma toe . . . asseblief . . . ek wou . . .

By die laaste “Ek weet nie wat nou gebeur het nie” steek sy haar arms na Karla uit om haar teen haar te druk, maar Karla trek weg. Leanda laat sak haar arms, albei skuifels na hul sitplekke, verwese.

313. LEANDA Karla . . . ?

Karla trek weg van haar ma . . . baie bang en seer. Doodse stilte vir 'n sekond of twee. Orrelinleiding vir Lied 236.

314. KOOR O GOD, DIE KWAAD VERWOND ONS MEER
AS ALLE ANDER SMARTE -
OORWIN DIT DEUR U GEES, O HEER, (hiervandaan neurie koor res van vers)
VERNUWE TOG ONS HARTE.
WIL DEUR U GEES ONS ONDERRIG;
VERTROOS EN LEI, GEE KRAG EN LIG,
DAN BUIG ONS IN AANBIDDING.
315. RENÉ *[Aan einde van gemeentesang: vir gehoor]* Ek weet nie hoekom hy weer daardie aand gespeel het nie. In my kop het hy terug verlang na onskuld.

DAG DRIE

NEUTRALE AREA – ALMAL SIT LANGS MEKAAR, PRAAT NA DIE GEHOOR TOE. NIEMAND MAAK ENIGE KONTAK MET MEKAAR NIE, BEHALWE WANNEER KARLA DIREK MET HAAR MA PRAAT.

316. DANIELLA *[Sit 'n stemboodskap op haar selfoon]* Hi Jacques, ek weet jy gaan nie hierdie voicenote kry nie, want . . . jy's dóód. Vandag is jou en Frieda se begrafnis, en ek moet praat by die diens. Ek wou net sê ek wens dit was nie nodig nie. Mis jou.
317. LEANDA *[Vir gehoor]* Ek was by die Boulevard Voltaire saam met JJ, my agent. Ons het koffie gedrink by 'n restaurant reg langs die Bataclan, waar een of ander *rock band* gespeel het. Ons het gepraat oor die volgende week se *shoot* vir *Vogue Paris* se reeks *Angels of Africa*. JJ sê toe: "Jy's 'n freak. Al 33, en steeds gewild. Hoe voel dit?" Mense sê ek was maar net gelukkig. Maar ek onthou al die jare se *local shoots*. *OutSurance ads*. Sulke goed, niks groot nie. Maar JJ het altyd gesê: "Jy is groter as die agterblad van die Huisgenoot." My groot deurbraak het 6 jaar gelede gekom, en saam daarmee groot geld, die pers, die foto's, die *glamour*. Steven Meisel, Mario Testino, Peter Lindbergh, Annie Leibovitz, almal wou my afneem. Ek was uiteindelik in staat om vir Karla alles te gee wat haar hartjie begeer: die volledige *My Little Pony* stel, die hele *Disney Princess Collection*. *Vintage Barbie*. Sy het een keer vir my gesê:
318. KARLA Ek wil 'n Barbie hê wat soos mamma lyk. Is Mamma nou 'n ster?
319. LEANDA *[Vir gehoor]* Ek kon die trots op haar gesiggie sien. Mamma is 'n ster, my kind. Die eerste ding wat ek gehoor het was die skote. Eers het ek gedink dis net deel van die Rock-band se *show*, maar toe stroom die mense soos diere uit die Bataclan-teater. Iemand stamp my om. Ek val, probeer keer vir my gesig. My hande bloei en ek wil skree. JJ help my op. Ek hoor hom sê: "Jy bloei."
Toe die bom. Glo my, mens hóór dit nie, mens vóél dit. Ek voel hoe ek eenkant toe geslinger word. Ek sien pienk, dan rooi, ek hoop Karla onthou hoe lief ek vir haar is . . . dan swart. Ek word wakker in 'n hospitaal . . . Ek is blind van die verbande. Vorms en vorms. Hier en daar 'n klein koerantberig, en 'n week later in die Huisgenoot - bladsy 12.
320. KOOR *Parys-bom skend internasionale model se gesig.*
321. KARLA *[Afsydig]* Ma . . .
322. LEANDA Ja?
323. KARLA Ons moet begrafnis toe.

324. **LEANDA** Karla? *[Stilte. Sy reageer nie.]* Mamma is lief vir jou. Jy weet dit, nè?
325. **DANIELLA** *[In kerk]* Ten slotte, liewe gemeente . . . Jacques en Frieda is so skielik van ons weggeneem. . .
326. **ANTOINETTE** *[Vir gehoor]* Winand was weg: sy tasse, sy klere. Als.
327. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Selfs as ek droom, ontsnap ek nie. Ek droom oor en oor ek sit kaal op 'n toilet en dan verdwyn die mure en dan kyk almal vir my.
328. **DANIEL** *[Vir gehoor]* Ek moes net nog een keer *online* gaan. *Warcraft* is die een plek waar ons iewers anders kon wees. Kon *escape*.
329. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Maar laasnag se droom was anders . . . ek was weg . . . iewers. Geen kinders. Geen huis. Geen kanker. Ek is 'n aktrise. Ek is op die voorblad van die *Huisgenoot*. "Susan van Vuuren: *She's Bold AND Beautiful*."
330. **DANIEL** *[Vir gehoor]* Maar toe ek *online* kom . . . toe is Rahim se *avatar* ook *online*. Is hy dan *gehack*? Ek besluit toe om 'n *chat* oop te maak. Ek voel *stupid* . . . maar . . .
331. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Ek het die pragtigste blou rok aan en die mooiste, ronde borste. Ek hoef nie eens 'n bra te dra nie!
332. **ANTOINETTE** *[Op selffoon]* Winand antwoord asseblief jou foon!
333. **JOHAN** *[Vir gehoor]* Aan die een kant wou ek getroud wees, maar aan die ander kant . . .
334. **DANIEL** *[Op oorfone]* Rahim?
335. **RAHIM** *[Op oorfone]* *[Stilte.]* Hi.
336. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Ek lyk soos Brooke Logan. En Brooke Logan is getroud met Mossimo. Maar sy wil nie meer met Mossimo getroud wees nie.
337. **DANIEL** Rahim, waar is jy? Almal soek jou! Mense dink jy't die bom geplant!
338. **RAHIM** Ons moes net wegkom, Daan.
339. **JOHAN** *[Vir gehoor]* Dit moet lekker wees as mense jou *ken*. As mense weet wie jy is. As jy iets beteken.
340. **DANIEL** Waarom? Wat bedoel jy?
341. **RAHIM** Ons is lief vir mekaar.
342. **DANIEL** Jy en wie?
343. **JOHAN** *[Vir gehoor]* Ek en my TV. Dis al wat ek nodig het. Dan's mens nooit werklik alleen nie.
344. **DANIELLA** *[In kerk]* En soos ons hier sit, deel ons een ding met mekaar ten spyte van al ons verskille.
345. **KOOR** *Ons is almal bang*
346. **RYNO** *[Vir gehoor]* Soveel ideologieë, soveel vrese. Honderde daarvan. Die simptoom van mense wat bang is. Maar hulle almal bots met mekaar.
347. **KOOR** *En dan maak niks sin nie.*

348. **SUSAN** *[Vir gehoor]* En dis toe Brooke Logan besluit om een laaste keer met Mossimo te praat. *[Vir Johan.]* Johan . . . dink jy ek is nog aantreklik?
349. **JOHAN** *[Kyk haar nie in die oë nie]* Jy is heel mooi. Watter soort vraag is dit?
350. **SUSAN** Omdat ons so lanklaas . . .
351. **JOHAN** My heup is seer.
352. **SUSAN** Ja, seker . . . En my bors pyn nog vreeslik.
353. **JOHAN** Dis maar hoe dit is.
354. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Dis maar hoe dit is.
355. **DANIELLA** *[In kerk]* Dalk inspireer hierdie vrees ons . . .
356. **KOOR** . . . *om saam te staan*
357. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Ek wou huil, maar ek was te skaam.
358. **DANIELLA** *[In kerk]* . . . al ons stories saam te gooi . . .
359. **KOOR** . . . *sodat dit één storie word.*
360. **DANIEL** Tannie! Ek het nou net met Rahim gepraat! Hy's nog lewendig!
361. **KHAYRAH** Ek weet, my kind.
362. **KOOR** *Een storie . . .*
363. **DANIELLA** *[In kerk]* . . . soos één reënboog met al sy kleure.

Die verlede - POOLS

364. **RAHIM** Ma, ek weier om met haar te trou.
365. **KHAYRAH** Rahim, as jy jou ma so in die skande gaan steek. . .
366. **RAHIM** Ma, ek haat dit. Ek haat dit alles. Ek haat die simpel reëls. Dat mense dink ek gaan hulle doodmaak elke keer as hulle iets oor ISIS op die nuus wys. Dat ek nie verlief kan wees op wie ek wil nie. Dat ek nooit kwaad mag wees nie. Dat ek nooit mag skree nie! Dat ek konstant moet bid en ek is nie eens seker of ek elke dag glo nie. Ek wil 'n simpel goue ring dra! Ek wil 'n *tattoo* en 'n *piercing* kry. Ek wil kortbroeke dra! Ek wil dans! Ek wil gedigte skryf! Ek wil 'n ma hê wat vir die wêreld kan wys hoe mooi sy is! Ek haat dit dat ek die healtyd anders voel!
367. **KOOR** *Salat al-Istikharah*
368. **KHAYRAH** O Allah, ek soek U raad deur U kennis en soek U hulp deur U krag; en ek vra dat U deur U groot genade . . .
369. **SUSAN** *[Vir gehoor]* Brooke het besluit sy kan nie loop nie. Want Brooke het verantwoordelikhede.
370. **WINAND** Jy sal sien. Die Kaap is heeltemal anders.
371. **RAHIM** Ek hoop so. Dink jy jou pa gaan van my hou?

372. WINAND Ek weet hy gaan. Jy weet ek's lief vir jou, nè?

373. RAHIM Ek weet. Ek's lief vir jou ook.

KERK [*Orrel speel, Koor sing, dialoog = gelyktydig*]

374. KOOR SIEN ONS DAN, VADER, IN ONS NOOD,
SAAM VOOR U TROON VERGADER,
SAL OOI 'N KIND VERGEEFS OM BROOD
SMEEK BY SY AARDSE VADER ? (*Hiervandaan neurie koor die res*)
SAL U ONS DAN NIE NOG VEEL MEER,
U GEES, IN AL SY VOLHEID, HEER,
OP ONS GEBEDE SKENK NIE ?

375. RENÉ [*Vir gehoor*] Jacques het dit gespeel, die aand voor sy dood . . . dis mooi.

376. AISHA Die orrel is mooi, nè mamma? Ek mis vir Rahim.

377. RENÉ [*Vir gehoor*] Ek mis vir Jacques . . .

378. AISHA Wanneer gaan hy terugkom?

379. KHAYRAH / RENÉ Hy gaan nie weer terugkom nie.

380. AISHA Het hy dan iets verkeerd gedoen, Mamma?

381. KOOR *Daar is soveel stories.*

382. RENÉ [*Vir gehoor*] Wens ek het geweet wat werklik gebeur het.

383. AISHA [*Vir haar ma*] Gaan ons ooit weer met Rahim praat?

DE JAGERS

384. ANTOINETTE [*Vir gehoor*] Elke keer as ek vir Winand probeer bel, druk ek die foon dood voor dit lui. Ek is 'n papperd. Maar ek bid elke dag vir hom. Miskien hoor hy my tussen die geraas deur. Ek bid [*asem*] dat hy moet terugkom na sy ma wat hom onvoorwaardelik . . . wat hom liefhet. Ons sal aan ons foute werk. Ek wou julle nog vertel van my *Green Lady Tretchikov print*. Dis regtig waardevol. [*Sy kyk om haar.*] Wag . . . waar is dit? Dit het net hier gehang . . . [*Asem.*] Winand!? . . . Wel, soos ek gesê het, ek sal vir hom bid. Hier en nou. [*Maak oë toe, laat sak kop, begin bid.*] Ag Here, ek bid dat u . . .

385. KOOR *Elke koorlid begin fragmente van gebede hardop fluister.*

386. ANTOINETTE [*Lig haar kop, kyk verbaas na bo, staan op asof iets haar optrek*] Hoor julle dit?

387. KOOR [*Beat . . .*] *Daar is so baie mense.*

1. 1ste "Daar is so baie mense" (DISBM)

a. *Almal staan op – kyk skuins op*

b. *Akteurs doen gebede, Koor fluister-praat oor en oor "Daar is so baie mense" begin dadelik beweeg na hul posisies vir kruistoneel.*

2. 2de "DISBM":

a. *Almal op pad na hul kruistoneel-plekke*

3. Na 3de "DISBM":

a. *Klankbaan met fluisterstemme kom aan.*

- b. *Ligte begin uitfade*
- 4. Na 4de "DISBM"
 - a. *Almal moet nou op hul plekke staan vir kruistoneel*
 - b. *Ligte is 100% donker*
- 5. 5de "DISBM"
 - a. *Terwyl dit gesê word, gaan sit/staan almal wat moet sit, maak kruise oop.*
- 6. Na 6de "DISBM"
 - a. *Almal sit reg in kruistoneel*
 - b. *Naggeluide en UV-ligte gaan aan.*

EPILOOG

Sondag, 5 Junie 2016. – BY BEGRAAFPLAAS [Laataand. Klanke van die nag. Geen lig.]

- | | | |
|------|----------------|---|
| 388. | FRIEDA | Waarom het jy by die begraafplaas kom stilhou? |
| 389. | JACQUES | Weet nie? Ten minste kan die klomp dooies nie ons geheim verklap nie. |
| 390. | FRIEDA | En jou belofte aan Daniella . . . die Silver Ring Thing? |
| 391. | JACQUES | Shhhhhh . . . Sy hoef nie hiervan te weet nie . . . |

[Tydbom tik. Stop. Ligte af.]